

God se padmense

Ons is padmense, mense onderweg. Elke dag en elke jaar is daar meters en kilometers om af te lê op die pad van die lewe - 'n pad so ryk soos die lewe self. Daarom is 'n beskrywing van die pad van die lewe en van padmense nie te formuleer in een definisie nie. Daar is tye dat jy *padvinder* moet wees, dan weer *padmaker* en 'n ander keer *WSCT padwyser*.

As *padvinder* moet jy elke dag as't ware as 'n ontdekkingsreisiger jou pad en weg vind deur die lewe. Jy moet kop hou en koers hou en onthou dat regs van die pad af ewe noodlottig is as links van die pad af. Daar is ook omritte en afritte, die kruispaaie en krompaaie. Die lewenspad is nie altyd 'n gladde ryvlak en gebaande weg nie. Dikwels is dit 'n sinkplaat-paaie of geen pad nie. Dan moet jy bosse oopkap, nuwe grond oopbreek en nuwe weë na die toekoms uitlê. Daar waar die gebaande weë ophou, durf jy nie stilhou, afpak en op jou bagasie gaan sit nie. Dit is dan tyd om pionierswerk te doen. Dit vra kundigheid, visie, waagmoed, en navigasievernuf, veral geloofsvisie, geloofswaagmoed en geloofsnavigasie.

Om te vra na die ou (tradisionele), is nie onsinnig en verkeerd nie. Dit staan nie noodwendig in spanning met jou roeping as *padvinder* en *padmaker* te wees nie. *"So sê die Here: Staan by die kruispaaie en vra na die oupaaie. Vra watterpad die beste is en loop dit, dan sal jy rus vind"* (Jer 6:16). Uiteindelik is die keuse nie noodwendig die ou pad nie. Hy wat sê: *"vra na die oupaaie"*, sê ook: *"vra watterpad die beste pad is en loop dit."*

Die gelowige padmens van God weet dat as jy *padvinder*, *padmaker* en *padwyser* in die wedloop van die lewe wil wees, is die sleutel: *"Laat ons die wedloop wat voor ons lê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en die Voleinder van die geloof"* (Heb 12:1,2)

Dr. P.W. Bingle (Kaapstad)